

H O O F S T U K V I I .

LEWENSVATBAARHEID TEEN DIE AGTERGROND. VAN ONS OPVOEDKUNDIGE PRAKTYKE.

1. Eksamenstatistieke.

(a) Om vas te stel hoe ons leerlinge oor die algemeen op die leerplan- en eksamenvereistes vir Duits wat in die twee vorige hoofstukke uiteengesit is, reageer, is die volgende twee tabelle saamgestel:

(i) Tabel VI: Vir hierdie tabel is daar die volgende besonderhede van die verskillende eksaminerende liggame verkry: die totale aantal kandidate vir die Juniorsertifikaat- en St. X-eksamens in die afgelope aantal jare, en die aantal kandidate vir Duits en Latyn onderskeidelik. Vir praktiese doeleindes is die syfers vir die jare 1946-1948 en dié vir twee vroeëre, nie-opeenvolgende jare, wat die beeld van die ontwikkelingsgang van 1941 af moet vervolledig, voldoende geag, en met die nodige persentasie-berekeninge in die tabel saamgevat. Die syfers vir Latyn word vir vergelykingsdoeleindes ingesluit. Aangesien die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen nog net deur 'n baie geringe persentasie leerlinge afgelê word (die getalle vir Duits is hier as volg vir die afgelope paar jaar: 1948 - 25; 1947 - 20; 1946 - 22), is die aantal kandidate vir hierdie eksamen nie bygereken nie.

(ii) Tabel VII: Die syfers en totale vir hierdie tabel is uit twee verskillende uitgawes van die „Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika" saamgestel en bereken¹, en toon ook die posisie van Duits en Latyn teenoor die kommersiële vakke aan, wat in die jongste tyd baie veld gewen het in ons skole².

(b) Tabelle VI en VII toon aan dat die persentasie kandidate wat Duits en Latyn by die openbare eksamens aangebied het, 'n baie sterk daling ondergaan het oor die afgelope tien jaar.

1. Sien opmerkings (voetnoot) by Tabel VII.

2. Sien Hoofstuk 11.5.d. (ii).

TABEL VI.

VERGELYKENDE SYFERS EN PERSENTASIES VIR GETAL
KANDIDATE IN DUIITS IN OPENBARE EKSAMENS.

(a) St. X-eksamens.

Jaar	Alle kandidate.				Kandidate in DUIITS.				Kandidate in LATYN.			
	KP.	Tvl.	OVS.	GMR.	KP.	Tvl.	OVS.	GMR.	KP.	Tvl.	OVS.	GMR.
1941	4246	2350	1183		948	615	427		897	381	176	
1943	4016	2440	1199		940	577	356		673	483	95	
1946	4800	2649	1175	2871	823	653	438	147	694	516	152	939
1947	4713	2854	1139	3035	778	706	366	155	706	622	153	1049
1948	4621	2774	1067	2933	774	676	365	158	735	548	113	1164

Persentasies van				Jaar	%	%	%	%	%	%	%	%
Alle Kandidate:				1941	22.3	26.1	36.1		21.1	24.7	14.9	
				1943	23.4	23.6	29.7		16.8	19.8	7.9	
				1946	17.2	24.7	37.3	5.2	14.5	19.9	12.9	32.7
				1947	16.5	24.8	32.1	5.1	14.9	21.8	13.4	34.6
				1948	16.7	24.4	34.2	5.4	15.9	19.8	10.6	39.7

(b) Juniorcertifikaat-eksamens.

Jaar	Alle kandidate			Kandidate in DUIITS.			Kandidate in LATYN.		
	K.P.	OVS.	Univ. van S.A.	K.P.	OVS.	Univ. van S.A.	K.P.	OVS.	Univ. van S.A.
1941	8463	2050		1891	716		1337	227	
1943	8743	1971		1695	658		1331	212	
1946	10526	2051	4406	1762	619	333	1802	200	1417
1947	10521	2086	4382	1557	464	321	1649	195	1456
1948	10554	1977	4236	1443	409	301	1793	217	1457

Persentasies van				Jaar	%	%	%	%	%
Alle Kandidate:				1941	22.3	34.9		15.8	11.1
				1943	19.4	33.4		15.2	10.8
				1946	16.7	30.2	7.6	17.1	9.7
				1947	14.8	22.2	7.3	15.7	9.3
				1948	13.7	20.7	7.1	16.9	10.9

TABEL VII.

PERSENTASIE LEERLINGE WAT DUTS EN ANDER
VAKKE BESTUDEER HET, 1938 en 1947.¹⁾

(a) Opsomming.

Vakke.	Persentasie Leerlinge.		Getal Leerlinge.	
	1938	1947	1938	1947
Duits ...	27.63	17.11	16,029	12,363
Latyn ...	19.75	11.54	11,450	8,336
Boekhou .	39.25	48.70	21,305	35,186
Tikskrif .	5.20	13.19	3,180	9,522

(b) Ontleding van Persentasies.

Vak.	Jaar	O.V.S.	Tvl.	K.P.	Natal	Totaal
Duits	1938	35.06	25.29	30.41	7.51	27.63
	1947	18.56	18.02	17.92	5.23	17.11
Latyn	1938	16.39	21.82	20.09	15.14	19.75
	1947	8.69	11.06	10.46	11.81	11.54
Boekhou	1938	49.59	31.45	36.45	37.19	39.25
	1947	44.96	50.78	51.18	31.62	48.70
Tikskrif	1938	14.38	-	4.21	16.35	5.20
	1947	18.05	11.01	12.00	21.47	13.19

1. (a) Die persentasies en syfers vir die getal leerlinge in elke vak (vir elke provinsie afsonderlik, en die totale vir die hele Unie) is saamgestel uit die volgende uitgawes van die "Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika":

1947-uitgawe, bl. 41 - 43.

1939-uitgawe, bl. 51 - 52.

- (b) Die totale vir Boekhou sluit ook Boekhou as halwe vak in (saam met tikskrif of handelrekenkunde); en dié vir tikskrif behels eweseer tikskrif as halwe vak saam met boekhou en snelskrif.

Die persentasies vir Latyn is sedert 1946 egter min of meer bestendig, hoewel daar van jaar tot jaar heelwat skommelings by dié van die verskillende eksamenerende liggame voorgekom het. Vir die matrikulasie-eksamen en die Juniorsertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika waaraan veral die Natalse skole deelneem, was daar oor die afgelope drie jaar selfs 'n jaarlikse toename in die persentasies vir Latyn. Daarenteen toon die persentasies vir Duits nog steeds 'n dalende neiging, behalwe dié vir die Traansvaalse Eindsertifikaat-eksamen en die kleiner matrikulasie-eksamengroepie. Die eksamengroepe vir die matrikulasie- en Juniorsertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika en die Nasionale eksamens van die Unie-Onderwysdepartement moet hier, egter, buite rekening gelaat word in die verdere besprekings, aangesien dit 'n gevaarlike spekulاسie sou wees om tot veralgemenings te geraak vir sulke klein eksamengroepe waarby toevallige omstandighede nog 'n aansienlike rol mag speel.

Wat die populariteit van Duits as skoolvak betref, blyk dit ook dat die opeenvolgende orde van die verskillende provinsies nog altyd tot die Afrikaanssprekende en plattelandse karakter van die provinsiale bevolkingsgroepe teruggevoer kan word¹, met die Vrystaat bo aan die lys, gevolg deur Transvaal, Kaapland en Natal onderskeidelik; maar daarby het die syfers vir die Vrystaat en Kaapland so 'n sterk daling getoon teenoor 'n veel groter bestending in die Transvaal, dat dit in die lig van ons heersende praktyke van belang sou wees om in die volgende paragrafe die omstandighede wat vir hierdie ontwikkeling verantwoordelik kon gewees het, verder te ondersoek.

2. Die fasiliteite vir Duits-onderwys, en die keusevakke teenoor Duits.

(a). Om vas te stel in welke mate die onderwys van Duits binne die bereik van die leerlinge in die verskillende provinsies gebring word, is daar in 1944 van die vier provinsiale

1. Vergelyk ook Hoofstuk 111.2(c).

onderwysdepartemente die nodige besonderhede ingewin in verband met die aantal skole waaraan Duits doseer word, wat hier as volg opgesom kan word:

	<u>Provinsie.</u>	<u>Getal Skole.</u>	<u>Skole met Duits.</u>
(i).. Hoërskole	Vrystaat	54	46
	Transvaal	55	41
	Kaapprovinsie ..	170	90
	TOTAAL	279	177
(ii). Skole tot St.VIII:			
	Vrystaat	16	9
	Transvaal	73	5
	Kaapprovinsie ..	71	35
	TOTAAL	160	49

In die provinsie Natal was daar, egter, slegs vier hoërskole wat gereeld kandidate vir Duits gehad het, waarvan dié van Wartburg en Hermannsburg meesal Duitssprekend is.

Aangesien dit uit TABELLE VI en VII blyk dat die grootste daling in die persentasie leerlinge wat Duits studeer het, juis in die Vrystaat voorgekom het waar daar - volgens bostaande gegewens in sake die aantal skole wat Duits aanbied - die grootste fasiliteite vir die onderwys van dié vak geskep is, is dit duidelik dat hierdie verskynsel van dalende persentasies nie aan 'n gebrek aan fasiliteite nie, maar aan dieper-liggende oorsake toegeskryf moet word wat ons op 'n ander plek sal moet vind.

(b). Die kwessie van die keusevakke teenoor Duits as 'n bepalende faktor ten opsigte van die keuse van Duits as vak op skool is verder ondersoek deur middel van 'n vraelys aan Duits-onderwysers in Suid-Afrika, waarna daar reeds in die 1945-verhandeling verwys is¹. Die gegewens wat aldus verkry is, is in TABELLE VIII en IX saamgevat waaruit die volgende blyk.

(1). In die groot hoërskole vind ons gewoonlik 'n wye keuse van vakke teenoor Duits, terwyl die leerlinge in die kleiner klas middelbare skool meer verplig is om Duits as vak te kies weens die beperking van die aantal keusevakke. In sommige hoërskole in Kaapland is dit selfs 'n verpligte of gedeeltelik-verpligte vak (laasgenoemde by die halwe-keusevakgroep in Tabel VIII);

1.a. Sien Bylae A, vraag 5.a.

b. Sien "Inleiding en Probleem-omskrywing".

TABEL VIII.

AANTAL KEUSEVAKKE TEOOR DUTS VIR VERSKILLEND
PROVINSIES EN GRAAD SKOLE, 1944.

	Provinsie en Graad Skool.							
	K.P. Hoër A	K.P. Hoër B	K.P. Hoër C	K.P. Sek.	O.V.S. Hoër	O.V.S. Junior Hoër	Tvl. Hoër	Totaal
Aantal skole wat opgaaf verstrek het	16	25	13	25	16	6	18	119
SKOLE MET:								
Geen keusevak	-	1	3	18	-	4	-	26
$\frac{1}{2}$ "	-	1	1	-	-	-	-	
1 "	-	11	4	7	7	2	4	
$1\frac{1}{2}$ "	-	2	1	-	-	-	-	
2 "	5	6	4	-	9	-	9	
$2\frac{1}{2}$ "	3	2	-	-	-	-	1	
3 "	4	2	-	-	-	-	4	
$3\frac{1}{2}$ "	3	-	-	-	-	-	-	
4 "	-	-	-	-	-	-	-	
$4\frac{1}{2}$ "	1	-	-	-	-	-	-	
Totale aantal keu- sevakke	$44\frac{1}{2}$	$37\frac{1}{2}$	14	7	25	2	$36\frac{1}{2}$	166 $\frac{1}{2}$
Gemiddelde aantal keusevakke per skool	2.8	1.5	1.1	.3	1.6	.3	2	1.4
Gemiddelde per skool met Duits as keusevak	2.8	1.6	1.4	1	1.6	1	2	1.8

- Let wel.- (i) Vakke wat slegs in die Junior- of Seniorsklasse as keusevakke teenoor Duits staan, word deur halwes aangedui.
(ii) Die Natalse hoërskole en die Transvaalse St. VIII-skole wat as groepe baie swak verteenwoordig is, asook die Duitse skole waarin Duits 'n verpligte vak is, is buite rekening gelaat vir hierdie tabel.
(iii) Vir die berekening van die totale aantal keusevakke in die tweede laaste vertikale kolom. moes daar op die voor-die- hand- liggende rekenkundige bewerkings teruggeval word: vermenigvuldiging van die syfers in die horisontale kolomme met die aantal keusevakke wat in die korresponderende vertikale kolom aangegee is, en die optel van die produkte.
- Volgens kwantitatiewe berekening.

TABEL IX.

KEUSEVAKKE TEENOR DITS, 1944.

	AANTAL SKOLE.							
	K.P. Hoër A	K.P. Hoër B	K.P. Hoër C	K.P. Sek.	O.V.S. Hoër	O.V.S. Junior Hoër	Tvl. Hoër	Totaal
Aantal skole wat opgaaf verstrek het	16	24	10	7	16	2	18	93
Handelsvakke:								
(a) met ander keuses	15	8	2	-	9	-	13	47
(b) as enigste keuse	-	7	2	4	7	2	4	26
Latyn:								
(a) met ander keuses	11	6	-	-	6	-	7	30
(b) as enigste keuse	-	1	1	1	-	-	-	3
Matesis:								
(a) met ander keuses	1	1	2	-	1	-	1	6
(b) as enigste keuse	-	2	-	1	-	-	-	3
Geografie:								
(a) met ander keuses	2	-	1	-	-	-	2	5
(b) as enigste keuse	-	1	1	1	-	-	-	3
Huishoudkunde:								
(a) met ander keuses	2	2	2	-	-	-	1	7
Naaldwerk (a)	3	1	1	-	-	-	-	5
Landbou (a)	3	1	1	-	-	-	-	5
Musiek (a)	2	3	-	-	-	-	-	5
Houtwerk (a)	2	2	-	-	-	-	-	4
Geskiedenis (a)	-	-	-	-	1	-	2	3
Handarbeid (a)	-	-	-	-	-	-	2	2
Kuns (a)	-	-	-	-	-	-	2	2
Bantoetaal (a)	-	-	-	-	1	-	1	2
Frans (a)	-	-	-	-	-	-	1	1
In Wetenskaplike vak (Senior-klasse)	4	4	1	-	-	-	1	10
Letterkunde (Senior- klasse)	3	1	1	-	-	-	-	5

en in die Kaapse Sekondêre en Vrystaatse Juniorhoërskole staan daar selde 'n keusevak teenoor Duits, sodat baie leerlinge in hierdie kleinere skole op die verpligte studie van Duits aangewese is.

(ii). Van die meer akademiese of nie-praktiese keusevakke teenoor Duits staan Latyn nog bo aan die lys, terwyl matesis en geografie, asook letterkunde en 'n paar wetenskaplike vakke in die seniorklasse, hier ook taamlik sterk in die veld is, veral in die Kaapse skole. Dit blyk egter uit Tabel 1X dat dit slegs in uitsonderlike gevalle gebruiklik is om hierdie vakke as die enigste keuses teenoor Duits aan te bied. Die antwoorde op die betrokke vraag in die vraelys het hier duidelik aan die lig gebring dat daar in die reël een van die meer praktiese vakke as eerste of enigste keuse teenoor Duits aangebied word, met die meer akademiese vakke as een van 'n drie- of meerledige keuse. Uit Tabel 1X blyk ook, dat die praktiese handelsvakke die toneel hier feitlik oorheers en in die oorgrote gros skole as alternatief teenoor Duits staan (naamlik 'n totaal van 73 uit 93 skole), terwyl ander praktiese vakke soos huishoudkunde, landbou, naaldwerk en houtwerk hier ook 'n aansienlike rol speel.

3. Oor-aksentuasie van die teoretiese en die stroom na die praktiese.

(a). By die erkenning van die algemene gebruik om Duits saam met Latyn as 'n akademiese vak teenoor die meer praktiese vakke af te baken, moet daar ook gelet word op die feit dat die geweldige daling in die persentasie leerlinge wat dié vakke bestudeer het in die jare 1938 tot 1947, tot 'n baie groot hoogte saamgeval het met die snelle opkoms van die praktiese vakke in die leerplan in dié jare, veral die praktiese handelsvakke. Wanneer die syfers vir Duits en Latyn enersyds, en boekhou en tikskrif andersyds, saam gereken word in Tabel VII(a), toon die Duits-Latyn-groep 'n gesamentlike daling van 18.73% oor

hierdie jare, teenoor 'n gesamentlike styging van 17.44% by die boekhou-tikskrif-groep, wat ons baie na aan 'n volmaakte korrelasie bring. As daar rekening gehou word met die geweldige populariteit van die Duits-Handelsvakke- of Duits-Latyn-Handelsvakke-keusegroepe, moet hierdie syfers 'n nuwe blaadjie uit die geskiedenis van ons middelbare onderwys ontvou. En tog vind ons die skynbaar-teenstrydige statistieke vir Transvaal, waar daar in die periode onder beskouing juis 'n groter opkoms van die handelsvakke as in enige ander provinsie plaasgevind het, teenoor 'n veel geringer daling in die persentasies vir Duits. Dit volg dan, dat die opkoms van die handelsvakke in Transvaal ook veel meer ten koste van sommige ander keusevakke wat teenoor Duits staan, moes geskied het as in Kaapland en die Vrystaat, soos reeds blyk uit die feit dat die syfers vir Latyn 'n sterker daling vir Transvaal toon as vir die ander twee provinsies. Aan hierdie feite kan daar slegs een moontlike interpretasie geheg word: hoewel die groter aanvraag vir die kommersiële vakke in 'n hoër mate vir die daling in die persentasies wat Duits studeer, verantwoordelik was, moet daar ook ander redes gevind word vir die feit dat die opkoms van die handelsvakke die vak Duits in 'n mindere mate in Transvaal getref het as in die ander provinsies.

Die moontlike omstandighede wat met hierdie feite saamhang, is in die voorgaande gedeeltes van hierdie hoofstuk reeds vanuit verskillende gesigspunte ondersoek, wat ons egter nog geensins op 'n oplossing gebring het nie omdat die volgende feite wat uit paragrawe 2.a. en 2.b. hierbo voortvloei, daarop dui dat die omstandighede in die O.V.S. byvoorbeeld gunstiger was vir 'n groter lewensvatbaarheid vir Duits as skoolvak as in Transvaal, terwyl die syfers vir 1947 in Tabel VII(b) slegs 'n heel geringe verskil van .54% vir hierdie twee provinsies aantoon:

(1) In 1944 het 'n aansienlike hoër persentasie Vrystaatse skole Duits as vak aangebied as in Transvaal.

(ii) Die veel groter Transvaalse skole¹ bied gemiddeld 'n

groter aantal keusevakke teenoor Duits aan as die Vrystaatse skole¹..... 'n faktor wat tot 'n veel laer persentasie Duits-leerlinge in Transvaal aanleiding behoort te gee indien alle ander faktore gelyk is, aangesien 'n groter aantal keusevakke die leerlinge in staat stel om in 'n groter mate hul aanleg en belangstellings in verskillende rigtings in die leerplan te vind en hul keuses dienooreenkomstig te maak. In die geval van die vier grade middelbare skole in Kaapland wat almal goed op die destydse vraelys reageer het, was dit byvoorbeeld moontlik om deur middel van Vraag 5(b) vas te stel dat die aantal leerlinge in die klas en die persentasie wat Duits kies, in 'n omgekeerde orde tot mekaar staan; en wanneer die gemiddelde aantal keusevakke per skool vir dié skole wat Duits as keusevak aanbied, hierby gevoeg word, toon die volgende opsomming duidelik aan dat die gemiddelde syfers vir die leerlinge wat Duits kies en die keusevakke per graad skool ook in dieselfde orde tot mekaar staan:

	K.P. Hoër A.	K.P. Hoër B.	K.P. Hoër C.	K.P. Sek.
Gemiddelde aantal leerlinge in klas:	69	34	17	17
Persentasie leerlinge wat Duits kies:	27	41	51	53
Gemiddelde aantal keusevakke teenoor Duits:	<u>2.8</u>	<u>1.6</u>	<u>1.4</u>	<u>1</u>

Uit Tabel X wat saamgestel is uit die gegewens vir vraag 5(b), blyk dit verder dat 9 van die 18 groot Kaaplandse hoërskole wat die verlangde besonderhede op sodanige wyse verstrek het dat die gegewens vir tabellariese verwerking in aanmerking kon kom, 'n gemiddelde van minder as 15 Duits-leerlinge per klas het, terwyl die groot Transvaalse Hoërskole gekenmerk word deur die besondere groot seksies wat Duits kies. Dit was die geval in 1944; en dat daar oor die afgelope paar jaar nog geen noemenswaardige rigtingverandering kon plaasgevind het nie, blyk reeds uit die merkwaardige bestendiging van die persentasies vir Duits in Transvaal², waar daar geen neiging tot afname sedert

1. Sien Tabel Vlll.

2. Sien Tabel Vl.

TABEL X.

GEMIDDELDE AANTAL DUITSL-LEERLINGE PER
KLAS VIR AFSONDERLIKE SKOLE, 1944.

<u>Gemiddeld</u> <u>per klas,</u>	K.P.	K.P.	K.P.	K.P.	Tvl.	Tvl.	OVS.	OVS.	Natal
	Hoër A.	Hoër B.	Hoër C.	Sek.	Hoër A.	Hoër B.	Hoër	Jun. Hoër	Hoër.
1 - 5	1	-	-	4	1	1	1	3	
5 - 10 ...	1	9	8	8	-	1	9	1	
10 - 15 ...	7	8	2	10	2	1	4	1	
15 - 20 ...	5	3	2	4	2	2	1	1	
20 - 25 ...	3	1	-	1	-	1	-	-	2
25 - 30 ...	-	2	-	-	-	-	-		
30 - 35 ...	-	-	-	-	1	-	-		
35 - 40 ...	-	-	-	-	1	-	1		
40 - 45 ...	-	-	-	-	2				
45 - 50 ...	1	-	-	-	1				
50 - 55 ...	-	-	-	-	1				

1943 gevind word nie. Daarenteen is die dalende neiging in Kaapland en die Vrystaat waarskynlik nou eers in volle swang, soos blyk uit die volgende opsomming uit Tabel VI:-

Kaapse Juniorsertifikaat- eksamen	19.4% in 1943; 13.7% in 1948.
Kaapse Seniorsertifikaat- eksamen	23.4% in 1943; 16.7% in 1948.
Vrystaatse Juniorsertifikaat- eksamen	30.2% in 1946; 20.7% in 1948.
Vrystaatse Skooleind- eksamen	37.3% in 1946; 34.2% in 1948.

Met die geweldige afwaartse neiging in die persentasies vir die Vrystaatse Juniorsertifikaat-eksamen oor die afgelope paar jaar, wil dit selfs voorkom of die tempo van die daling nou eers 'n nuwe fase in hierdie provinsie bereik het.

(b). Waar daar hoegenaamd geen ander omstandighede gevind kan word wat moontlik vir hierdie onderskeid in die lewensvatbaarheid van Duits as skoolvak in die Transvaal en die ander twee provinsies verantwoordelik kan wees nie, kan daar slegs tot die gevolgtrekking geraak word dat die onderwys van Duits in die Transvaal op 'n rigting moet afstuur, wat sodanige mate van algemene tevredenheid gee dat dit 'n gesogte vak in daardie provinsie gebly het, terwyl laasgenoemde nie die geval in Kaapland en die Vrystaat is, waar Duits al hoe meer vir ander (en veral vir die praktiese) vakke 'n plek moet maak nie. As die feit bedink word dat daar in die vorige twee hoofstukke juis in die Kaapse en Vrystaatse leerplanne en eksamenvereistes die grootste leemtes gevind is, terwyl die veel gesonder rigting van die Transvaalse stelsel dikwels by wyse van kontrastering aangedui is, is dit lig te begryp waarom al hoe meer leerlinge die studie van Duits in eersgenoemde provinsies vermy. Met die aansienlike mate van aksentverskuiwing op mondelinge werk, leeswerk en begrip -- dié dinge wat oor die algemeen meer in die smaak van die leerling val as die tydsverkwisting op formele grammatikale studies en die korrekte skriftelike gebruik van die taal -- kan die vak ook veel meer aan die leerling gebring word in die Transvaal, ook aan diegene wat geen besondere bo-gemiddelde intelligensie het nie en vir wie die oor-aksentuasië van die teoretiese (formele studies) wat die Kaapse en Vrystaatse stelsels kenmerk, meesal 'n ware marteling is. 'n Paar jaar gelede is daar reeds na 'n sekere Kaapse Seniorcertifikaat-vraestel vir Duits verwys as " ... die eerste spyker in die doodkis van Duits op ons skole -- indien dit nie al een van 'n reeks

spykers is nie" ¹; en 'n mens sou in dié verband ook daarop kon wys dat die neiging om die standaard vir die Vrystaatse Juniorsertifikaat-eksamen geleidelik op te dryf deur toespitsing op die ongewone en die uitsonderlike ², op 'n merkwaardige wyse saamval met die byna abnormale daling in die persentasie kandidate wat Duits vir dié eksamen aangebied het oor die afgelope paar jaar. Die tipe vraestel waarna daar in die vorige hoofstuk in nadere besonderhede verwys is ³, kan ook nie op iets anders bereken wees as om die leerling wat nie vir hierdie soort eksamenwerk opgewasse is nie, af te skrik en die voornemende Duits-leerling van die studie van die vak weg te hou nie.

4. Uitsakking deur die middelbare skool en die verband met die universiteit.

Volgens die gees van die geformuleerde doelstelling vir die onderwys van Duits as derde taal, sou enige oorbeklemtoning van die teoretiese en die neiging om Duits as 'n akademiese vak teenoor die meer praktiese vakke in die leerplan af te baken, alleen nog tot 'n sekere hoogte geregverdig kon word vir dié leerlinge wat hul studies in Duits verder wil voortsit aan die universiteit. Daarom het ek die bepaling van die uitsakking van Duits-leerlinge deur die middelbare skool en die verband met die kursus in Duits aan die universiteit van belang geag vir die doel van hierdie ondersoek.

Met die medewerking van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing is daar gepoog om die totale aantal inskrywings vir die 1945-beginners- (St.Vll-) kursus in Duits dwarsdeur die verskillende klasse van die middelbare skool op te volg tot by die totale aantal inskrywings vir die

1. "Die Burger", 15 Desember 1947.

2. Vergelyk Hoofstuk VI.6.

3. Ibid.

eerstejaars-kursusse in Duits aan ons 9 universiteite en universiteitskolleges in 1949. Vir die verkryging van die besonderhede in verband met die aantal inskrywings aan die universiteite moes daar in die skrywe van die Buro aan die verskillende registrateurs, egter, baie duidelik gespesifiseer word, dat die verlangde gegewens slegs betrekking sou hê op eerstejaar-studente wat die vak in 1948 vir die matrikulasie- of gelykstaande eksamen aangebied het. Aangesien die Buro oor geen gegewens vir 1945 beskik nie, kon die waarskynlike aantal Duits-leerlinge vir die St.Vll-klasse in 1945 alleen deur 'n analogiese benaderingsmetode bereken word deur die 1948-syfers vir St.Vlll (d.i. 3475) en die 1947-syfers vir St.Vll (d.i. 4641) as uitgangspunt te neem vir die herleiding van die 1946-syfers vir St.Vlll (d.i. 3153) tot die analogiese waarskynlikheidsyfer vir St.Vll in 1945 wat in Tabel XI vervat is. Waar daar met sulke groot getalle gewerk word, is daar van die standpunt uitgegaan dat 'n analogiese waarskynlikheids-berekening wat 'n normale uitsakking van 4641 tot 3475 as uitgangspunt het, ons baie na aan die waarskynlike syfer sal bring en 'n bruikbare syfer vir verdere persentasie-berekenings moet gee, temeer daar elke verskil van 10 op die berekende St.Vll-syfer vir Tabel XI slegs 'n verskil van een desimale syfer getoon het in die uittoetsing van moontlike afwykings. Al die verdere verlangde besonderhede kon egter van die Nasionale Buro verkry word, en word verder aangetoon in onderstaande Tabel waar die nodige persentasie-berekenings gemaak is om die uitsakking te bepaal.

TABEL XI.

UITSAKKING VAN DUIITS-LEERLINGE DEUR DIE MIDDELBARE SKOOL, EN DIE VERBAND MET DIE UNIVERSITEIT.

	<u>Getalle. Persentasie leerlinge per klas (met 100 as uitgangspunt) wat hul studies in Duits aan die universiteit voortsit.</u>				
St.Vll 1945 (volgens berekening).	4211	100			
St.Vlll 1946	3153	74.9	100		
St.lX 1947	2213	52.6	70.2	100	
St.X 1948	1927	45.8	61.1	87.1	100
Duits 1 aan Universiteit, 1949.	193	4.6	6.1	8.7	10.0

Opmerkings i.v.m. Tabel Xl: (i) Aangesien die verstrekte syfers slegs op die provinsiale skole betrekking het en geen rekening hou met die leerlinge wat die kursus vir die Nasionale eksamens van die Unie-Onderwysdepartement (matrikulasie-vrystellingsgroep) volg en die Suidwes-skole wat kandidate vir die matrikulasie-eksamen inskryf nie, kan daar met veiligheid aangeneem word dat die werklike persentasies vir die eerstejaarskursus aan die universiteit nog geringer sal wees as dié wat in die tabel vervat is.

(ii). Dit moet ook duidelik verstaan word dat hierdie persentasies die normale uitsakking aantoon wat veral aan skoolverlating of oorskakeling na ander vakke toegeskryf moet word; net soos in die geval van Tabel 1, word geen uitsakking van druipeilinge aangedui nie, omdat elke bepaalde klas weer aan druipeilinge terugkry van die vorige klas wat hy aan sy eie verloor het.

As daar by elke klas gelet word op die verbasende lae persentasie Duits-leerlinge wat later hul studies in Duits aan die universiteit sal voortsit, moet hierdie feite vir ons 'n ontugtering uit 'n gekkedroom wees en 'n nuwe lig werp op die belangrike leerplan- en eksamen-aangeleentheid vir Duits as derde taal waarna daar weer ter geleëner tyd verwys sal word ¹.

1. Sien Hoofstukke Xl en Xll.